



**Hemelse Vader,
ek aanvaar en weet dat ek U wette oortree het
en dat dit skeiding tussen U en my gebring het.
Ek verklaar vandag, nou op hierdie moment, dat ek innig jammer
is oor my oortredings, sondes en afvallighede.**

**Ek wil nou bitter graag wegdraai van al my sondes en U aanvaar as
die Koning van my hart, lewe en hele bestaan.
Vergewe my asseblief van al my vieslike sondes en help my om
sondes van nou af te vermy en met hand en tand te weerstaan
deur die genadige werking van U Heilige Gees.**

**Ek glo dat U Seun, Jesus Christus, vir al my sondes gesterf het aan
die kruis en dat ek deur hierdie gesprek met U
skoon gewas word van my sondes.**

**Dankie dat Jesus opgewek is uit die dood,
sit aan U regterhand en my gebed hoor
en by U voorspraak maak vir my.**

**Ek nooi Jesus om die Koning van my lewe
en hart en siel en gees te word.
Om van nou af my lewe en hart te regeer volgens U wil.**

**Voorsien asseblief die werking van die Heilige Gees om my te help
om naby U te leef, U te gehoorsaam, om die res van my lewe U wil
vir my lewe, uit dankbaarheid, uit te leef.**

**Ek vra dit met 'n nederige hart,
in Jesus Christus se naam.**

Amen